

SKOONHEID BESOEK POTCHEFSTROOM

Susan Cilliers

2012-06-27 15:20

Monique Erasmus van Klerksdorp, 'n finalis vir Mev. Verenigde Nasies, met klein Jane Tshukudu in die Emmanuel-hospies dagsorsentrum in Promosa by Potchefstroom. Foto: lerato maduna

Geluk is om toegevoeg te word in die warm arms van 'n grootmens en 'n sagte speelding te kan vashou.

Sterre het Dinsdag geblink in die ogies van 'n handvol arm kinders toe Monique Erasmus, 'n finalis vir Mev. Verenigde Nasies, die Emmanuel-hospies dagsorsentrum in Potchefstroom besoek het.

By dié hospies in die Promosa-woonbuurt word daagliks na tot 80 kinders omgesien. Hulle kry ook drie etes per dag danksy Fouzia Bismilla en Ria du Plessis se oop, liefdevolle harte. Dié twee vroue versorg kinders nou al drie jaar hier sonder enige salaris, uit hul eie sakke en met die hulp van skenkings uit die gemeenskap.

Die kinders dra die tekens van armoede: party se kleertjies is dun en min, totaal ontoereikend vir die bittere koue, maar hul drome is so groot soos net 'n kind s'n kan wees.

Bismilla vertel van Lollie, 'n vyfjarige meisie wat altyd gespog het met haar rooi baaikostuum en die groot swembad by hul huis waarin sy en haar pappa baljaar. "Toe Lollie skielik vir 'n paar dae afwesig is, hoor ons sy en haar gesin is al drie dae op straat sonder kos."

Erasmus, 'n sakevrou van Klerksdorp, het vandeeweek met kratte vol ingesamelde klere, speelgoed en sagte diertjies by die sentrum opgedaag. "Ek het self arm groot geword," het sy vertel. "Daar was nie eens geld vir haarrekkies nie so ons moes maar ons hare kort dra. Ek wil hierdie kinders wys as jy saam met Hom wandel, kan jy enigiets regkry.

"Ek doen al lank liefdadigheidswerk en het besluit om in te skryf vir Mev. Verenigde Nasies omdat dit my 'n groter platform en beter geleentheid vir liefdadigheidswerk kan gee."

Mev. Verenigde Nasies word later vanjaar aangewys.

Die besoek aan die Emmanuel-hospies was vir Erasmus hartseer, maar dit was ook lekker om die "glimlaggies" te sien, het sy vertel.

Du Plessis van Emmanuel het vertel hul grootste behoefte is hulp met die elektrisiteitsrekening en kos. Daar is ook 'n tekort aan kleuter- en babaklere. Du Plessis en Bismilla help ook met die versorging van armes se babas tuis.

Verwarmers, matte, 'n rekenaar vir administratiewe werk, komberse, inkleurboeke en kryte en waterverftoerusting is maar van die items waarvoor Du Plessis en Bismilla saam met die kinders droom